

**8 Maart**

**Skrifgedeelte: Genesis 27:1-45**

### **Al konkel mense, God doen wat Hy besluit het**

Hier is 'n gesin waar dinge lelik skeef geloop het. Pa Isak trek vir Esau voor en ma Rebekka vir Jakob. Soos wat baie gebeur, loop die voortrekkery van kinders op 'n gekonkel uit. Jakob bedrieg sy eie pa. Hy gaan selfs so ver om van God misbruik te maak, deur te sê dat God hom gehelp het om die bokkie so vinnig in die hande te kry. Esau maak planne om Jakob dood te maak. Alles eindig hartseer. Jakob moet vlug, die gesin spat uitmekaar en Rebekka en Jakob sou mekaar nooit weer sien nie.

Hierdie familiegeskiedenis toon tot watter uiterstes die mens sal gaan ter wille van sy eie voordeel. Dit toon hoe droewig die gevolge kan wees, wanneer een of meer kinders in 'n gesin voorgetrek word of wanneer selfsug en eiebelang oorneem.

Tog vertel hierdie gebeure ook van God se genade. Al het Rebekka en Jakob nie geduldig gewag dat God sy beloftes nakom nie en al het hulle die reg in eie hande geneem, het God sy besluit deurgevoer om Jakob te seën.

Onthou: hierdie is die geskiedenis van God se volk. Dit sê: God se genade is so groot dat mense met só 'n verlede deur Hom as sy volk gekies word. Die genade bereik 'n hoogtepunt wanneer Hy sy eie Seun stuur na 'n wêreld vol familietwis, konkelry, bedrog, haat en hartseer. Deur sy genade sterf Jesus aan die kruis vir mense met 'n droewige familiegeskiedenis, sodat hulle God se kinders kan wees.

Sing: Skrifberyming 24:1,7

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)